SAKE BEELD
Wednesday, 18 October 2006, p. 23

Boubedryf kort kreatiewe regruk

Jan de Lange
Arbeidsverslaggewer

Die boubedryf kan nie voldoen aan die eise van die land se infrastruktuur-ontwikkelingsprogram nie en sal vindingryke maniere moet bedink om die wanbalanse met vaardighede en mense-hulpbronne reg te stel.

Só sê die personeelgroep Landelahni ná 'n omvattende peiling na die mense-hulpbronne in die bedryf.

Volgens me. Sandra Burmeister, uitvoerende hoof van Landelahni, is die bedryf in geen posisie om te voldoen aan die uitdagings wat die komende infrastruktuurontwikkelingsplan gaan vereis nie.

"Die vereistes van lewering gaan waarskynlik die heersende vermoëns van die bedryf oortref," sê sy. Dis ondanks 'n groei van 27% in indiensneming – in formele en informele werkgeleenthede – die afgelope vyf jaar in die sektor tot 935 000 werknemers.

Die Suid-Afrikaanse boubedryf het ingehaal en beleef 'n infrastruktuuropswaai soos geruime tyd reeds elders in die wêreld aan die gang is. Die bedryf was in die 1980's en 1990's egter meestal in resessie.

"Ons word nou in die gesig gestaar deur 'n toestand waarin daar plaaslik sowel as internasionaal 'n tekort aan ingenieurs en ambagslui is," sê Burmeister.

Die vaardigheidstekorte in die bedryf is groot op professionele en bestuursvlakke en die druipsyfers van studente aan tersiêre inrigtings is volgens haar skrikwekkend.

"Tussen 1998 en 2004 het 50 570 mense vir ingenieurskursusse aan universiteite geregistreer en 8 900 van hulle het gegradueer. Dis 'n slaagkoers van 17,5%."

Die opleiding van ambagslui en tegnici oor die afgelope 30 jaar het ook dramaties agteruitgegaan. In 1975 was daar 33 000 ambagslui in opleiding, maar vandag is daar net 1 440.

Die registrasie van nuwe kandidate, veral swart kandidate, by die Ingenieursraad is meer bemoedigend. Dit dui daarop dat maatskappye 'n verskeidenheid van werknemers laat registreer. In 2004 is daar byvoorbeeld 907 swart kandidate geregistreer en 940 wittes.

Die Gesamentlike Inisiatief vir die Verkryging van Voorkeur-vaardighede (Jipsa), wat die regering vroeër vanjaar van stapel gestuur het, is 'n stap in die regte rigting, maar dit is nie genoeg nie.

Die invoer van vaardighede is 'n duur oplossing op kort termyn, maar die private sektor sal die regering moet help met die toepassing van grootskaalse opleidings- en vaardigheidsprogramme.

Eskom tjoepstil oor konkelwerk